June/Junie 2022 | vol 16

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE/INSPIREER EN INNOVEER

CIVINOVUS NPC

#integritasZA THE MOVEMENT



HOEKOM? Integriteit skep waardigheid en voorspoed
HOE? Legitiem, verantwoordbaar, en inklusief
WAT? Skep bewustheid van die waarde van integriteit, lei na beter keuses, en bou vertroue

Dr. Carike Noeth vra: "Steek my onderrok van morele integriteit uit?"

Met die onlangse vrystelling van verslae van die Zondo-kommissie oor staatskaping, word daar onomwonde bevestig wat ons lank eintlik reeds weet; Suid-Afrika en haar samelewing is besig om eenvoudig in te gee onder die druk van morele verval. Dit noop ons om aan die deur van integriteit en etiek te klop, en die deur oop te forseer ten einde die bron van die morele verval aan te spreek, aangesien dit die enigste manier is om ons land se burgers, leierskap korps, en regering te dwing om verandering mee te bring.

Integriteit staan sentraal tot hierdie verandering. Integriteit roep ons tot verantwoording, ook in ons eie kapasiteit as burgers in die samelewing. Dit roep ons om selfondersoek in te stel na hoe ons ook dalk self rolspelers is in die morele verval van die samelewing. Dis op hierdie uiters belangrike kruising waar integriteit met etiek as reisgenoot die pad moet saamstap. Integriteit se self-refleksie beteken dat ons as burgers praktiese veranderinge in ons denke en

dade moet aanbring ten einde verandering mee te bring. Dis hier waar ‘n nuwe bewustheid, herinnering, en volhoubare etiek ons kan help om beter burgers, leiers, en regeringsamptenare te wees.

Etiek vra van ons om die verantwoording wat integriteit by ons wakker maak prakties uit te leef. Dit vra van ons om die belang van besluitneming en keuse te belyn met dit wat reg is ten alle tye. Soos die ongemak wat ons eie gewete van integriteit by ons laat tydens selfondersoek, so ook kan dit moeilik wees om te doen wat reg is in ‘n land waar doelbewuste verkeerde keuses nie meer gevolge inhou vir die besluitnemer nie. Dit verg ware integriteit om morele keuses te maak, selfs al voel dit of ‘n mens alleen staan by dit wat reg is.

Ons vind dit egter soms moeilik om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is. Ons het dus ‘n groot nood vir opleiding in etiek en integriteit. As Suid-Afrikaners het ons nie meer ‘n keuse nie – ons moet weer herinner word aan hoe ‘n mens prakties met morele integriteit kan leef ten einde ‘n verskil te maak van mens-tot-mens, huis-tot-huis, en gemeenskap-tot-gemeenskap. Etiese opleiding oor alle ouderdomme, klasse, rasse, en identiteite moet dus dringend geïmplementeer word in ‘n burgerlike samelewing deurtrek met vrot morele waardes. Integriteit is dus onlosmaakbaar verweef met etiek en etiek is onlosmaakbaar verweef met integriteit.

Verandering begin by ‘n enkele individu wat doelbewus kies om met morele integriteit te leef. Dit eindig by ‘n nuwe Suid-Afrika waar verantwoordelikheid, geregtigheid, en sorgsaamheid seëvier. Hier is die uitdaging: Is ons braaf genoeg as Suid-Afrikaners om by onsself te begin om verandering mee te bring, of wil ons bly by die uitwysing van ander mense se morele verval? Kom ons laat nie ons eie onderrok uitsteek nie. Kom ons kies om met morele integriteit te leef.

Dr. Carike Noeth is ‘n etikus en die stigter en eienaar van Full Circle Ethics. Sy is passievol oor die leer en bewusmaking van die praktiese toepassing van etiek in die burgerlike samelewing. Sy streef na ‘n beter morele Suid-Afrika en is bereid om hard te werk om hierdie ideaal te bereik.

Full Circle Ethics

Full Circle Ethics functions as a circle for a reason: It aspires to be a reminder that every decision must function as a circle that leads us back to what we know to be right and good while considering all the complexities and options in the process.

Full Circle Ethics wants to work with integrity, engage with people and businesses from different walks of life, and help to educate people how to think about what is right and wrong, and how to deal with complex situations where there isn’t always an easy answer to the question as to what right and wrong is.

Full Circle Ethics is committed to bringing justice and care as lenses through which we can look to make better moral decisions that will lead to the strengthening of civil society (South Africa), and empowering its people through consulting, collaborating, and training.

hugenote kollege
Waar Christenwees grondvat in opleiding

Uitvoerende kortkursusse van die Skool vir Sosiale Innovasie, Hugenote Kollege, via Zoomsessies en Selfstudie



Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap

Registrasie: Vrydag 5 Augustus 2022
en betaling van R3,500.00
Duur van kursus: 11 Augusts tot 7 September 2022
Drie (3) **Zoomsessies** van vier (4) ure elk:

1. Woensdag **11 Aug** van 12:30 tot 16:30
2. Woensdag **17 Aug** van 12:30 tot 16:30
3. Woensdag **24 Aug** van 13:30 tot 16:30



Mensgesentreerde Ontwerpdenke vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap

Registrasie: Vrydag 16 September 2022
en betaling van R3,500.00
Duur van kursus: 21 Sept tot 26 Okt 2022
Drie (3) **Zoomsessies** van vier (4) ure elk:

1. Donderdag **21 Sept** van 12:30 tot 16:30
2. Woensdag **28 Sept** van 12:30 tot 16:30
3. Woensdag **12 Okt** van 12:30 tot 16:30

Prys per Uitvoerende Kursus is **R3,500.00**
Maatskaplike werkers kan **16.5 CPD punte** verwerf
NG en VGK dominees kan **VBO punte** verwerf
Beurse vir NG en VGK werknemers beskikbaar
Kontak Bridget Leibbrandt by bleibbrandt@sun.ac.za
Vir meer inligting kontak Lyzette Schwella by academyssi@hugenote.com

Mentoring en Afrigting, Persoonlike Meesterskap en Emosionele Intelligensie vir Sosiale Besigheid

Registrasie: Vrydag 4 November 2022
en betaling van R3,500.00
Duur van kursus: 9 Nov tot 12 Des 2022
Drie (3) **Zoomsessies** van vier (4) ure elk:

1. Woensdag **9 Nov** van 12:30 tot 16:30
2. Woensdag **16 Nov** van 12:30 tot 16:30
3. Woensdag **23 Nov** van 12:30 tot 16:30

https://hugenote.com/onlineapplications/online-application-new/

Join the **#integritasza-movement** or renew your **membership** and help us support **integrity** and commemorate the legacy of our colleague, Ulrike Hanekom.

As part of your membership, you receive an electronic:

- monthly **#intergritasza-Newsletter** and
- quarterly **Compassionate Confronter**.

Both publications are open to you for participation.

Membership involves:

- completion of an application form,
- R10.00 per month or once off R120.00 per year, and/or
- a contribution of your choice.

Send an email to Raymond Cloete at raymond@civinovus.co.za for the application form and/or contact Werner Schwella on 083 591 6691

Advertise here for R350 per month.

#integritasza THE MOVEMENT